



**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

# **GOVERNMENT GAZETTE**

---

## **STAATSKOERANT**

### **VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA**

*Registered at the Post Office as a Newspaper*

*As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer*

**Price 20c Prys**  
**Overseas 30c Oorsee**  
**POST FREE—POSVRY**

Vol. 144]

CAPE TOWN, 15 JUNE 1977

KAAPSTAD, 15 JUNIE 1977

[No. 5594

DEPARTMENT OF THE PRIME MINISTER

DEPARTEMENT VAN DIE EERSTE MINISTER

No. 1054.

15 June 1977.

No. 1054.

15 Junie 1977.

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 79 of 1977: Publications Amendment Act, 1977.

No. 79 van 1977: Wysigingswet op Publikasies, 1977.

## ACT

To amend the provisions of the Publications Act, 1974, so as to make different provision as to the quorum of the directorate; to authorize the Minister to determine the seat of the directorate; to authorize the directorate to establish offices for the purposes of its functions; to authorize the directorate to consult certain persons as to matters relating to its functions; to provide that the list of the names of persons competent to serve on committees shall be compiled every three years; to provide that certain advisory committees shall be appointed every three years; to repeal the provisions excluding the printing or publication of certain publications from certain provisions of that Act; to make further provision for the application of the provisions of the said Act to publications or objects produced before the commencement of that Act; to impose a duty upon the director to inform certain persons of the reasons for certain decisions; to make provision for the reconsideration by the appeal board of certain decisions relating to publications or objects, films or public entertainments; to make different provision as to certain conditions which may be imposed relating to the exhibition of films to children; to delete the provisions that the certificate of approval shall accompany certain applications; to extend the powers of the appeal board in the case of appeals against the imposition of certain conditions; to provide for an increase of the number of names to be included in the list of names of persons competent to serve on the appeal board; to prohibit the influencing of the directorate and committees; to provide that the number of copies of certain editions of certain publications or objects may not be taken into account for certain purposes; to prohibit the publication of certain advertisements; and to authorize the Minister to prescribe an amount for the issue of a copy of a certificate; and to provide for incidental matters.

(English text signed by the State President.)  
(Assented to 7 June 1977.)

**BE IT ENACTED** by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

Amendment of  
section 2 of  
Act 42 of 1974.

1. Section 2 of the Publications Act, 1974 (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended—

(a) by the substitution for subsection (6) of the following subsection:

“(6) Two members of the directorate shall constitute a quorum, and the decision of the majority of members

# WET

Tot wysiging van die bepalings van die Wet op Publikasies, 1974, om ander voorsiening te maak betreffende die kworum van die direktoraat; die Minister te magtig om die setel van die direktoraat te bepaal; die direktoraat te magtig om kantore vir die doeleindes van sy werksaamhede in te stel; die direktoraat te magtig om sekere persone te raadpleeg met betrekking tot aangeleenthede betreffende sy werksaamhede; te bepaal dat die lys van name van persone wat bevoeg is om in komitees te dien elke drie jaar opgestel moet word; te bepaal dat sekere advieskomitees elke drie jaar aangestel moet word; die bepalings wat die druk of publikasie van sekere publikasies van sekere bepalings van gemelde Wet uitsluit, te herroep; verdere voorsiening te maak vir die toepassing van die bepalings van gemelde Wet op publikasies of voorwerpe wat voor die inwerkingtreding van daardie Wet voortgebring is; die direkteur te verplig om sekere persone van die redes vir sekere beslissings te verwittig; voorsiening te maak vir die heroorweging deur die appèlraad van sekere beslissings betreffende publikasies of voorwerpe, rolprente of openbare vermaaklikhede; ander voorsiening te maak betreffende sekere voorwaardes wat opgelê kan word betreffende die vertoning van rolprente aan kinders; die bepalings dat die sertifikaat van goedkeuring sekere aansoeke moet vergesel, te skrap; om die bevoegdhede van die appèlraad in die geval van appèlle teen die oplegging van sekere voorwaardes uit te brei; voorsiening te maak vir 'n vermeerdering van die getal name wat in die lys van name van persone wat bevoeg is om in die appèlraad te dien, opgeneem moet word; die beïnvloeding van die direktoraat en komitees te verbied; voorsiening te maak dat die aantal eksemplare van sekere uitgawes van sekere publikasies of voorwerpe vir sekere doeleindes nie in aanmerking geneem mag word nie; die publikasie van sekere advertensies te verbied; en om die Minister te magtig om 'n bedrag vir die uitreiking van 'n afskrif van 'n sertifikaat voor te skryf; en om vir bykomstige aangeleenthede voorsiening te maak.

*(Engelse teks deur die Staatspresident geteken.)  
(Goedgekeur op 7 Junie 1977.)*

**DAAR WORD BEPAAL** deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

1. Artikel 2 van die Wet op Publikasies, 1974 (hieronder die Hoofwet genoem), word hierby gewysig—

(a) deur subartikel (6) deur die volgende subartikel te vervang:

„(6) Twee lede van die direktoraat maak 'n kworum uit, en die beslissing van die meerderheid van die lede

Wysiging van artikel 2 van Wet 42 van 1974.

## Act No. 79, 1977

## PUBLICATIONS AMENDMENT ACT, 1977.

present at a meeting of the directorate shall be the decision of the directorate: Provided that in the event of an equality of votes the person presiding at the meeting in question shall have a casting vote in addition to his deliberative vote.”;

(b) by the substitution for subsection (9) of the following subsection:

“(9) (a) The seat of the directorate shall be determined by the Minister.

(b) In order to be able to perform its functions efficiently the directorate may, with the approval of the Minister, establish an office at any place.”.

Amendment of section 3 of Act 42 of 1974.

2. Section 3 of the principal Act is hereby amended by the addition of the following subsection, the existing section becoming subsection (1):

“(2) The directorate may submit any matter relating to its functions to any person whose name appears on the list referred to in section 5 (1) (b), or to any other person who is an expert on such matter, for his advice.”.

Amendment of section 5 of Act 42 of 1974.

3. Section 5 of the principal Act is hereby amended by the substitution for paragraph (b) of subsection (1) of the following paragraph:

“(b) Such list shall be compiled every three years by the Minister and shall be supplemented by him from time to time when necessary.”.

Amendment of section 6 of Act 42 of 1974.

4. Section 6 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

“(1) The Executive of the Coloured Persons Representative Council of the Republic of South Africa may appoint every three years an advisory committee consisting of not more than five members to advise committees in respect of any question relating to the exhibition of films to coloured persons which is referred by the committees to that advisory committee.”.

Amendment of section 7 of Act 42 of 1974.

5. Section 7 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

“(1) The Executive Committee of the South African Indian Council may appoint every three years an advisory committee consisting of not more than five members to advise committees in respect of any question relating to the exhibition of films to Indians which is referred by the committees to that advisory committee.”.

Amendment of section 8 of Act 42 of 1974.

6. Section 8 of the principal Act is hereby amended—

(a) by the deletion of subparagraphs (iii) and (iv) of subsection (2) (b);

(b) by the insertion after subsection (4) of the following subsection:

“(4A) Any publication or object which is in terms of a declaration of the board under section 8 of the repealed Act (except a declaration under paragraph (b) of subsection (1) of that section) undesirable or is in terms of a decision of the board under section 113 (3) of the Customs and Excise Act, 1964 (Act No. 91 of 1964), indecent, obscene or objectionable and which is in force at the commencement of this Act, shall for the purposes of subsection (1) (b) be deemed to be a publication or object which is in terms of a decision of a committee, made known by notice in the *Gazette*, undesirable.”.

Amendment of section 12 of Act 42 of 1974.

7. Section 12 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

“(1) The director shall inform the person who made an application under section 10 (1) of the decision of the committee given in respect of that application under section

## WYSIGINGSWET OP PUBLIKASIES, 1977.

Wet No. 79, 1977

aanwesig by 'n vergadering van die direktoraat maak 'n besluit van die direktoraat uit: Met dien verstande dat by 'n staking van stemme die persoon wat by die betrokke vergadering voorsit, benewens sy beraadslagende stem ook 'n beslissende stem het.'";

(b) deur subartikel (9) deur die volgende subartikel te vervang:

„(9) (a) Die setel van die direktoraat word deur die Minister bepaal.

(b) Die direktoraat kan, ten einde sy werksaamhede doeltreffend te kan verrig, met die goedkeuring van die Minister, 'n kantoor op enige plek instel.”.

2. Artikel 3 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die volgende subartikel by te voeg, terwyl die bestaande artikel subartikel (1) word: Wysiging van artikel 3 van Wet 42 van 1974.

„(2) Die direktoraat kan 'n aangeleentheid met betrekking tot enige van sy werksaamhede aan 'n persoon wie se naam op die lys bedoel in artikel 5 (1) (b) verskyn, of aan enige ander persoon wat 'n deskundige oor daardie aangeleentheid is, vir sy advies voorlê.”.

3. Artikel 5 van die Hoofwet word hierby gewysig deur paragraaf (b) van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang: Wysiging van artikel 5 van Wet 42 van 1974.

„(b) Bedoelde lys word elke drie jaar deur die Minister saamgestel en word van tyd tot tyd wanneer nodig deur hom aangevul.”.

4. Artikel 6 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang: Wysiging van artikel 6 van Wet 42 van 1974.

„(1) Die Uitvoerende Bestuur van die Verteenwoordigende Kleurlingraad van die Republiek van Suid-Afrika kan elke drie jaar 'n advieskomitee bestaande uit hoogstens vyf lede aanstel om komitees van advies te dien ten opsigte van enige vraag in verband met die vertoning van rolprente aan Kleurlinge wat deur die komitees na daardie advieskomitee verwys word.”.

5. Artikel 7 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang: Wysiging van artikel 7 van Wet 42 van 1974.

„(1) Die Uitvoerende Komitee van die Suid-Afrikaanse Indiërraad kan elke drie jaar 'n advieskomitee bestaande uit hoogstens vyf lede aanstel om komitees van advies te dien met betrekking tot enige vraag in verband met die vertoning van rolprente aan Indiërs wat deur die komitees na daardie advieskomitee verwys word.”.

6. Artikel 8 van die Hoofwet word hierby gewysig— Wysiging van artikel 8 van Wet 42 van 1974.

(a) deur subparagrafe (iii) en (iv) van subartikel (2) (b) te skrap;

(b) deur die volgende subartikel na subartikel (4) in te voeg:

„(4A) 'n Publikasie of voorwerp wat volgens 'n verklaring van die raad kragtens artikel 8 van die herroepe Wet (uitgesonderd 'n verklaring kragtens paragraaf (b) van subartikel (1) van daardie artikel) ongewens is of volgens 'n beslissing van die raad kragtens artikel 113 (3) van die Doeane- en Aksynswet, 1964 (Wet No. 91 van 1964), onbetaamlik, onweloweglik of aanstootlik is en wat by die inwerkingtreding van hierdie Wet van krag is, word by die toepassing van subartikel (1) (b) geag 'n publikasie of voorwerp te wees wat volgens 'n beslissing van 'n komitee, by kennisgewing in die *Staatskoerant* bekend gemaak, ongewens is.”.

7. Artikel 12 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang: Wysiging van artikel 12 van Wet 42 van 1974.

„(1) Die direkteur moet die persoon wat 'n aansoek kragtens artikel 10 (1) gedoen het van die beslissing van die komitee wat kragtens artikel 11 (2) ten opsigte van daardie

## Act No. 79, 1977

## PUBLICATIONS AMENDMENT ACT, 1977.

11 (2), and, if requested thereto by that person or any other person having a direct financial interest in the publication or object in question, inform such person or other person of the reasons for that decision.”.

Amendment of  
section 14 of  
Act 42 of 1974.

8. Section 14 of the principal Act is hereby amended by the addition of the following subsection:

“(8) For the purposes of paragraph (b) of subsection (1) ‘decision’ shall include—

- (a) any declaration made by the board under section 8 or 8A of the repealed Act (except a declaration under paragraph (b) of subsection (1) of the said section 8) that the publication or object concerned is not undesirable;
- (b) any decision given by the board under section 113 (3) of the Customs and Excise Act, 1964 (Act No. 91 of 1964), that the publication or object concerned is not indecent, obscene or objectionable.”.

Amendment of  
section 15 of  
Act 42 of 1974.

9. Section 15 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (3) of the following subsection:

“(3) The director shall inform any person who made an application under subsection (1) of the decision of the committee in respect of that application and, if requested thereto by such person, of the reasons for such decision.”.

Amendment of  
section 19 of  
Act 42 of 1974.

10. Section 19 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (4) of the following subsection:

“(4) Any film approved or rejected by the board under the repealed Act and any condition imposed in respect of a film by the board under the repealed Act, shall, for the purposes of this Act, but subject to the provisions of sections 24 and 25, be deemed to have been approved, rejected or imposed by a committee under this Act.”.

Amendment of  
section 21 of  
Act 42 of 1974.

11. Section 21 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subparagraphs (i) and (ii) of subsection (3) (a) of the following subparagraphs:

- “(i) children in the age group of two to ten years, unless they are accompanied by persons who are eighteen years of age or older;
- (ii) children in the age group of two to eighteen years.”.

Amendment of  
section 23 of  
Act 42 of 1974.

12. Section 23 of the principal Act is hereby amended—

(a) by the substitution for subsection (5) of the following subsection:

“(5) The appeal board may confirm the decision of a committee which forms the subject of an appeal under this section, or may—

- (a) in the case of an appeal against the rejection of a film, set aside the decision of the committee and approve the film, either unconditionally or subject to the imposition of any of the conditions referred to in section 21 (3);
- (b) in the case of an appeal against the imposition of any condition—
  - (i) delete that condition and impose in the place thereof any of the conditions referred to in section 21 (3);
  - (ii) impose in addition to that condition any of such conditions; or
  - (iii) delete that condition.”;

(b) by the substitution for subsection (7) of the following subsection:

“(7) If the appeal board under subsection (5) deletes or imposes any condition, the director shall replace the

## WYSIGINGSWET OP PUBLIKASIES, 1977.

Wet No. 79, 1977

aansoek gegee is en, indien deur daardie persoon of enige ander persoon wat 'n direkte geldelike belang by die betrokke publikasie of voorwerp het daartoe versoek, bedoelde persoon of ander persoon van die redes vir daardie beslissing, verwittig."

8. Artikel 14 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die volgende subartikel by te voeg: Wysiging van artikel 14 van Wet 42 van 1974.

„(8) By die toepassing van paragraaf (b) van subartikel (1) beteken ‚beslissing’ ook—

(a) 'n verklaring gedoen deur die raad kragtens artikel 8 of 8A van die herroepe Wet (uitgesonderd 'n verklaring kragtens paragraaf (b) van subartikel (1) van gemelde artikel 8) dat die betrokke publikasie of voorwerp nie ongewens is nie;

(b) 'n beslissing gegee deur die raad kragtens artikel 113 (3) van die Doeane- en Aksynswet, 1964 (Wet No. 91 van 1964), dat die betrokke publikasie of voorwerp nie onbetaamlik, onwelowelik of aanstootlik is nie."

9. Artikel 15 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang: Wysiging van artikel 15 van Wet 42 van 1974.

„(3) Die direkteur moet iemand wat 'n aansoek kragtens subartikel (1) gedoen het van die beslissing van die komitee ten opsigte van daardie aansoek en, indien deur daardie persoon daartoe versoek, van die redes vir daardie beslissing, verwittig."

10. Artikel 19 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang: Wysiging van artikel 19 van Wet 42 van 1974.

„(4) 'n Rolprent wat deur die raad kragtens die herroepe Wet goedgekeur of afgekeur is, en 'n voorwaarde wat deur die raad kragtens die herroepe Wet ten opsigte van 'n rolprent opgelê is, word, by die toepassing van hierdie Wet, maar onderworpe aan die bepalings van artikels 24 en 25, geag deur 'n komitee, kragtens hierdie Wet goedgekeur, afgekeur of opgelê te wees."

11. Artikel 21 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subparagraawe (i) en (ii) van subartikel (3) (a) deur die volgende subparagraawe te vervang: Wysiging van artikel 21 van Wet 42 van 1974.

„(i) kinders in die ouderdomsgroep van twee tot tien jaar, tensy hulle vergesel word deur persone wat agtien jaar oud of ouer is;

(ii) kinders in die ouderdomsgroep van twee tot agtien jaar;"

12. Artikel 23 van die Hoofwet word hierby gewysig— Wysiging van artikel 23 van Wet 42 van 1974.

(a) deur subartikel (5) deur die volgende subartikel te vervang:

„(5) Die appèlraad kan die beslissing van 'n komitee wat die onderwerp van 'n appèl kragtens hierdie artikel is, bekragtig of kan—

(a) in die geval van 'n appèl teen die afkeuring van 'n rolprent, die beslissing van die komitee tersyde stel en die rolprent goedkeur, of onvoorwaardelik of onderworpe aan die oplegging van enige van die voorwaardes in artikel 21 (3) bedoel;

(b) in die geval van 'n appèl teen die oplegging van 'n voorwaarde—

(i) daardie voorwaarde skrap en in die plek daarvan enige van die voorwaardes in artikel 21 (3) bedoel, oplê;

(ii) benewens daardie voorwaarde enige van bedoelde voorwaardes oplê; of

(iii) daardie voorwaarde skrap;"

(b) deur subartikel (7) deur die volgende subartikel te vervang:

„(7) Indien die appèlraad enige voorwaarde kragtens subartikel (5) skrap of oplê, moet die direkteur die

## Act No. 79, 1977

## PUBLICATIONS AMENDMENT ACT, 1977.

certificate of approval issued in respect of such film by a certificate of approval which is in accordance with the decision of the appeal board.”.

Amendment of section 24 of Act 42 of 1974.

13. Section 24 of the principal Act is hereby amended by the addition of the following subsection:

- “(10) For the purposes of subsection (1) (b) ‘decision’ shall include—
- (a) any decision given by the board under section 9 or 9A of the repealed Act;
  - (b) a decision given under section 11 (2) of the repealed Act.”.

Amendment of section 25 of Act 42 of 1974.

14. Section 25 of the principal Act is hereby amended—

- (a) by the substitution for subsection (4) of the following subsection:

“(4) An application referred to in subsection (1) (b), shall be submitted to the director together with the prescribed amount and the film in question.”;

- (b) by the substitution for subsection (5) of the following subsection:

“(5) (a) The director shall submit an application referred to in section (1) (b) to a committee, and that committee shall consider that application and refuse the application or shall—

- (i) delete the condition or conditions to which the application relates; or
- (ii) in addition to or in the place of such condition or conditions, impose any of the conditions referred to in section 21 (3).

- (b) If a committee has imposed or deleted any condition under paragraph (a) the director shall issue to the person who made that application a certificate of approval which shall be in accordance with the decision of the committee.”;

- (c) by the substitution for subsection (6) of the following subsection:

“(6) The director shall inform the person who made an application under this section of the decision of the committee and, if requested thereto by such person, of the reasons for that decision.”.

Amendment of section 29 of Act 42 of 1974.

15. Section 29 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (5) of the following subsection:

“(5) Any person registered under this section, shall cause to be effected fully and correctly upon the holder or holders containing any film or any copy of a film distributed by him, his name and business address and the name of that film in either of the official languages of the Republic.”.

Amendment of section 32 of Act 42 of 1974.

16. Section 32 of the principal Act is hereby amended by the addition of the following subsection:

“(5) For the purposes of subsection (1) (b) ‘decision’ shall include any decision of the board under section 12 or 12A of the repealed Act.”.

Amendment of section 33 of Act 42 of 1974.

17. Section 33 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (6) of the following subsection:

“(6) The director shall in writing inform any person who made an application under subsection (1) of the decision of the committee, and, if requested by that person to do so, of the reasons for that decision.”.

Amendment of section 35 of Act 42 of 1974.

18. Section 35 of the principal Act is hereby amended by the substitution for paragraph (a) of subsection (3) of the following paragraph:

“(a) The director shall every 5 years compile a list of the names of 10 persons designated by the State President under paragraph (b).”.



## WYSIGINGSWET OP PUBLIKASIES, 1977.

Wet No. 79, 1977

sertifikaat van goedkeuring wat ten opsigte van daardie rolprent uitgereik is, vervang deur 'n sertifikaat van goedkeuring wat in ooreenstemming is met die beslissing van die appèlraad."

13. Artikel 24 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die volgende subartikel by te voeg: Wysiging van artikel 24 van Wet 42 van 1974.

- „(10) By die toepassing van subartikel (1) (b) beteken 'beslissing' ook—
- (a) 'n beslissing gegee deur die raad kragtens artikel 9 of 9A van die herroepe Wet;
  - (b) 'n beslissing gegee kragtens artikel 11 (2) van die herroepe Wet."

14. Artikel 25 van die Hoofwet word hierby gewysig— Wysiging van artikel 25 van Wet 42 van 1974.

- (a) deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang:

„(4) 'n Aansoek in subartikel (1) (b) vermeld, word tesame met die voorgeskrewe bedrag en die betrokke rolprent, aan die direkteur voorgelê.";

- (b) deur subartikel (5) deur die volgende subartikel te vervang:

„(5) (a) Die direkteur lê 'n in subartikel (1) (b) bedoelde aansoek aan 'n komitee voor, en daardie komitee moet daardie aansoek oorweeg en moet die aansoek afwys of moet—

- (i) die voorwaarde of voorwaardes waarop die aansoek betrekking het, skrap; of
- (ii) benewens of in die plek van daardie voorwaarde of voorwaardes, enige van die in artikel 21 (3) bedoelde voorwaardes oplê.

(b) Indien die komitee enige voorwaarde kragtens paragraaf (a) opgelê of geskrap het, moet die direkteur aan die persoon wat daardie aansoek gedoen het 'n sertifikaat van goedkeuring uitreik wat in ooreenstemming met die beslissing van die komitee moet wees.";

- (c) deur subartikel (6) deur die volgende subartikel te vervang:

„(6) Die direkteur moet die persoon wat 'n aansoek kragtens hierdie artikel gedoen het, van die beslissing van die komitee en, indien daardie persoon hom daartoe versoek van die redes vir daardie beslissing verwittig.

15. Artikel 29 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (5) deur die volgende subartikel te vervang: Wysiging van artikel 29 van Wet 42 van 1974.

„(5) Iemand wat kragtens hierdie artikel geregistreer is, moet op die houers wat 'n rolprent of 'n afdruk van 'n rolprent bevat wat deur hom versprei word sy naam en sakeadres en die naam van daardie rolprent volledig en juis in een van die amptelike tale van die Republiek laat aanbring."

16. Artikel 32 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die volgende subartikel by te voeg: Wysiging van artikel 32 van Wet 42 van 1974.

„(5) By die toepassing van subartikel (1) (b) beteken 'beslissing' ook 'n beslissing van die raad kragtens artikel 12 of 12A van die herroepe Wet."

17. Artikel 33 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (6) deur die volgende subartikel te vervang: Wysiging van artikel 33 van Wet 42 van 1974.

„(6) Die direkteur moet iemand wat 'n aansoek kragtens subartikel (1) gedoen het, skriftelik van die beslissing van die komitee en, indien deur daardie persoon daartoe versoek, van die redes vir daardie beslissing, verwittig."

18. Artikel 35 van die Hoofwet word hierby gewysig deur paragraaf (a) van subartikel (3) deur die volgende paragraaf te vervang: Wysiging van artikel 35 van Wet 42 van 1974.

„(a) Die direkteur moet elke 5 jaar 'n lys van die name saamstel van 10 persone wat deur die Staatspresident kragtens paragraaf (b) aangewys word."

## Act No. 79, 1977

## PUBLICATIONS AMENDMENT ACT, 1977.

Insertion of section 37A in Act 42 of 1974.

**19.** The following section is hereby inserted in the principal Act after section 37:

**37A.** (1) No person shall prejudice, influence or anticipate the decisions of the directorate or any committee.  
 (2) Any person who contravenes any provision of subsection (1), shall be guilty of an offence."

Insertion of sections 42A and 42B in Act 42 of 1974.

**20.** The following sections are hereby inserted in the principal Act after section 42:

**42A.** (1) If any edition of a publication or object published periodically in the Republic is in terms of a decision of a committee undesirable, no person shall take the number of copies of such edition into account for the purposes of fixing the amount payable to the publisher or owner of that publication or object in respect of the publication of anything in any subsequent issue thereof.  
 (2) Any person who contravenes the provisions of subsection (1), shall be guilty of an offence."

Prohibition of publication of certain advertisements.

**42B.** (1) No person shall publish in any publication or object any advertisement which relates to anything which in terms of a decision of a committee is undesirable.

(2) Any person who contravenes the provisions of subsection (1), shall be guilty of an offence."

Amendment of section 43 of Act 42 of 1974.

**21.** Section 43 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

"(2) Any person who is convicted of a contravention of a provision of section 17 (5), 18 (3), 24 (9), 27 (1) (a) (ii), (d) or (e), 28 (7), 29 (7), 36 (9), 37 (2), 37A (2), 41 (2), 42 (2), 42A (2) or 42B (2) shall be liable to a fine of not more than five hundred rand or to imprisonment for a period not exceeding six months or to both such fine and such imprisonment."

Amendment of section 44 of Act 42 of 1974.

**22.** Section 44 of the principal Act is hereby amended by the substitution for paragraph (e) of subsection (1) of the following paragraph:

"(e) the amount payable in respect of the examination of a publication or object or film, or the issue of a permit or a copy of a permit or certificate or a report referred to in section 36 (6);"

Commencement of certain provisions and transition provisions.

**23.** (1) The provisions of section 6 (b) shall be deemed to have come into operation on 1 April 1975.

(2) The provisions of sections 3, 4 and 5 shall commence on 1 April 1978.

(3) The provisions of section 18 shall commence on 1 April 1980.

(4) The director shall increase the number of names on the list referred to in section 35 (3) of the principal Act which exists at the commencement of this Act, to 10 after the State President, with due observance of the provisions of the said section 35 (3), has designated the names of 5 other persons.

Short title.

**24.** This Act shall be called the Publications Amendment Act, 1977.

## WYSIGINGSWET OP PUBLIKASIES, 1977.

Wet No. 79, 1977

**19.** Die volgende artikel word hierby in die Hoofwet na artikel 37 ingevoeg: Invoeging van artikel 37A in Wet 42 van 1974.

„Beïnvloeding van direktoraat of komitees. **37A.** (1) Niemand mag die beslissings van die direktoraat of 'n komitee benadeel, beïnvloed of vooruitloop nie.  
(2) Iemand wat die bepalings van subartikel (1) oortree, is aan 'n misdryf skuldig.’’

**20.** Die volgende artikels word hierby in die Hoofwet na artikel 42 ingevoeg: Invoeging van artikels 42A en 42B in Wet 42 van 1974.

„Eksemplare van sekere uitgawes mag vir doeleindes van vasstelling van sekere bedrae nie in aanmerking geneem word nie. **42A.** (1) Indien 'n uitgawe van 'n publikasie of voorwerp wat periodiek in die Republiek uitgegee word ingevolge 'n beslissing van 'n komitee ongewens is, mag niemand die aantal eksemplare van daardie uitgawe in aanmerking neem nie vir die doeleindes van die vasstelling van die bedrag wat aan die uitgewer of eienaar van daardie publikasie of voorwerp betaalbaar is ten opsigte van die publikasie van enigiets in enige latere uitgawe daarvan.  
(2) Iemand wat die bepalings van subartikel (1) oortree, is aan 'n misdryf skuldig.’’

Verbod op publikasie van sekere advertensies. **42B.** (1) Niemand mag in enige publikasie of voorwerp 'n advertensie publiseer nie wat betrekking het op enigiets wat volgens 'n beslissing van 'n komitee ongewens is.  
(2) Iemand wat die bepalings van subartikel (1) oortree, is aan 'n misdryf skuldig.’’

**21.** Artikel 43 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang: Wysiging van artikel 43 van Wet 42 van 1974.  
„(2) Iemand wat aan 'n oortreding van 'n bepaling van artikel 17 (5), 18 (3), 24 (9), 27 (1) (a) (ii), (d) of (e), 28 (7), 29 (7), 36 (9), 37 (2), 37A (2), 41 (2), 42 (2), 42A (2) of 42B (2) skuldig bevind word, is strafbaar met 'n boete van hoogstens vyfhonderd rand of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande of met sowel daardie boete as daardie gevangenisstraf.’’

**22.** Artikel 44 van die Hoofwet word hierby gewysig deur paragraaf (e) van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang: Wysiging van artikel 44 van Wet 42 van 1974.  
„(e) die bedrag betaalbaar ten opsigte van die ondersoek van 'n publikasie of voorwerp of rolprent, of die uitreiking van 'n permit of 'n afskrif van 'n permit of sertifikaat of 'n verslag in artikel 36 (6) bedoel;’’

**23.** (1) Die bepalings van artikel 6 (b) word geag op 1 April 1975 in werking te getree het. Inwerkingtreding van sekere bepalings en oorgangsbepalings.  
(2) Die bepalings van artikels 3, 4 en 5 tree in werking op 1 April 1978.  
(3) Die bepalings van artikel 18 tree in werking op 1 April 1980.  
(4) Die direkteur moet die getal name in die lys in artikel 35 (3) van die Hoofwet bedoel, wat by die inwerkingtreding van hierdie Wet bestaan, tot 10 vermeerder nadat die Staatspresident die name van 5 ander persone met inagneming van die bepalings van gemelde artikel 35 (3) aangewys het.

**24.** Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Publikasies, 1977. Kort titel.